# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 18 Junie 2023

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

***18 Junie***
***Erediens en Kinderkerk 9:00***
***Doop en Vadersdag***
***Prediker:*** *Ds Paullet Grobler*
*Teks: Eksodus 19*
***Teebeurt: Wyk G***
***Geen Kategese en Belydenisklas***

## *Hierdie week:*

**19 Junie (18:30):** Diensgroep en Gholfdagvergadering
**21 Junie (9:30):** Bybelstudie
**(18:30):** Bybelskool
**23 Junie:** Wegneemetes

## Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 19/06 | Mej | Lisa | Du Toit |
| 19/06 | Mnr | Conrad | Koen |
| 19/06 | Mnr | Leon | Oosthuizen |
| 21/06 | Mnr | Christoffel | Groenewald |
| 21/06 | Me | Sonja | Groenewald |
| 22/06 | Mnr | Andre | Du Plessis |
| 22/06 | Mnr | Dewald | Fourie |
| 22/06 | | Amelie | Warricker |
| 23/06 | Me | Adele | Loubser |
| 23/06 | Mnr | Johan | Du Plessis |



## Lief en Leed

- Carol en Philip (Jnr) van der Westhuizen en familie met die afsterwe van Philip.
  ***"Hiermee wil ons die gemeentelede hartlik bedank vir al hulle gebede, ondersteuning en besoeke tydens Philip se siekte.***
  ***Carol en Philip van der Westhuizen"***
- Ronel Rademeyer wat moet gaan vir 'n skouer en knievervanging.
- Esme wat herstel na 'n voetoperasie.
- Marius van Niekerk – kanker (familielid van Hennie Smit)
- Cathy du Plessis.
- Bid asb vir die Storie-uitreik wat ons hou in die vakansietyd vir die kinders wat by die kerk opgepas word.

Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. (Romeine 12:5)

# Bedieninge, Projekte en Uitreike

## Gholfdag
## 8 September 2023

Ons hou ons Gholfdag weer by **Pretoria Gholfklub** die jaar. Die vorms is in die voorportaal beskikbaar.

**Hoe kan ek deel wees?**

- Kom speel saam! Skryf 'n 4-bal in! (R2200 - Aandete en prysuitdeling ingesluit)
- Indien jy enige pryse, veilingsitems en donasies wil gee is jy ook welkom.
- Jy kan ook 'n gaatjie borg of adverteer op die Gholfdag (wissel tussen R900 en R2500)
- Borge ontvang 20% afslag indien hulle vir 'n 4bal ook inskryf.
- Prystrekking vir 'n "*vleis hamper*" : kaartjies vir 'n gelukkige prystrekking sal teen R100 elk verkoop word.

## Wegneemetes
## 23 Junie (16:00-17:30)

Sit gerus jou bestelling in by ds Paullet (076 841 1568) teen Woensdag, 21 Junie om 12uur vir **kerrie en rys R40** asook **klein vetkoek met kerrie R25**. Bestellings kan Vrydag afgehaal word by die kombuis.

## Storie-Uitreik na die Naskoolsentrum (Vakansieprogram)

**Ons bedien die Naskool se kinders (wat in die vakansies die heel dag in die saal opgepas word) hierdie Junie/Julievakansie drie dae 'n week met 'n STORIETYD. Ons gaan saam met hulle lees en aktiwiteite doen. Indien jy 'n oggend oop het en graag wil deel wees, laat weet gerus vir Thea Oosthuizen (073 239 1332)**

## *Gemeentekamp (13-15 Oktober)*

Ons kamp weer by Riverside Paradise. Daar is ook selfsorg kamers en chalets vir die wat nie kampers is nie. Ons sal weer 'n kampgroep hê maar laat weet my (Fanus) solank by 0659634950 as julle wil saamgaan!

## Bosveld Mix Braaihout

**NG VILLIERIA verkoop hout - R30 vir 'n 10kg sak.**
**Meer as 10 sakke @ R25 per sak.**
**Kry by hulle kerkkantoor weeksdae van 08.30 tot 12.30.**
**Na 12.30 en naweke kontak Simon 063 596 1076.** ***Verkope is ten bate van CMR***

## Advertensie:

Hope is 'n betroubare tuinwerker op soek na werk. Kontak asb vir Esme 082 297 0654 vir verdere inligting.

# Vars vleis by die kerk te koop

Heel hoenders is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R55 'n kilogram beskikbaar.

# Hondekos (Farina)

Die kerk verkoop Farina hondekos vir R90 vir 'n 8 kg sak en R250 vir 'n 25 kg sak (Sondae na die diens en tydens kantoorure). Vir meer inligting kontak gerus die kerkkantoor.

## Dorkas se Kombuis

Soos altyd kan ons nie genoeg dankie sê vir al die bydraes wat so mildelik ontvang word nie.

Ons wil spesiaal dankie sê vir die klereskenkings wat ontvang is. Daarmee kan ons vele gesinne help en so 'n bietjie kleur in hul dag ook bring.

Dorkas se Kombuis was die afgelope week steeds besig om nog konfyt te koop vir soet broodjies tydens die skoolvakansie. So 'n lepel of twee in slap pap vir ontbyt en selfs in die soya saam met kerrie, kan lekker smaak byvoeg.

So van kerrie gepraat, baie dankie vir die pakkies smoked paprika wat ontvang is 42 pakkes daarvan en ook 'n enetjie vir my ☺. Die paprika is met sorg verdeel in kleiner pakkies, met selfs 'n notatjie oor hoe en hoeveel paprika om te gebruik. 'n Mens kan die liefde, sorg en omgee in elke pakkie sien – DANKIE!

Die afgelope week is Pilchards ook op special by Spar aangekoop. Moontlik gemaak deur al die kontantskenkings. Die Dorkas rekening is in 'n mooi positief ☺

Gedurende die skoolvakansie sal ons werksaamhede voortgaan om te sorg dat daar met die begin van die derde kwartaal, pakkies regstaan..
Mag elkeen elke dag soveel blessings beleef dat jy genoeg het om uit te deel.
Amen.

**Bankbesonderhede:** **M Janeke, Capitec Bank, Spaarrekening, 1651207613**